Nuusbrief 6 van 2024
19 Maart

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Baie dankie aan elkeen wat gedurende hierdie kwartaal die skool ondersteun het - op welke manier ookal! Ons waardeer u! Ons kan weer terugkyk na 'n kwartaal waar ons hope seën uit God se hand ontvang het en ons is dankbaar daarvoor!

Geniet die vakansie! Mag u ook gedurende hierdie Paastyd uself weer herinner aan die grootste Offer wat ons ontvang het!

Skole heropen op Woensdag, 3 April 2024 om 08:00.

WÉÉS DIE VERSKIL!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman

Liané op pad na SA-Atletiekkampioenskappe!

Liané Alexander gaan vanaf 3 tot 6 April die Vrystaatspan tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Paarl verteenwoordig. Sy word ook tydens Vrystaat Interhoër as die nommer 8 o.15 hamergooi-atleet in Suid-Afrika aangewys. Baie geluk! Ons is baie trots op jou!

LEJWELEPUTSWA SONE-BYEENKOMS

Gedurende die Lejweleputswa sone-atletiekbyeenkoms het 38 van ons leerders gaan deelneem. Ons atlete het twee goue-, ses silwer- en vyf bronsmedaljes huis toe gebring en behaal ook die volgende plekke onder die top 8 in hulle onderskeie items:

Meisies: uitslae

Naledi Matloloane	D14	100m	vierde plek
		Aflos	derde plek
	D16	Aflos	vierde plek
Kaydee-Lee Maritz	D14	Aflos	derde plek
Marie-Louise Fitzgerald	D14	Aflos	derde plek
Zanele Khaba	D14	Aflos	derde plek
Nikita Myburgh	D14	3000m	tweede plek
Loriaan Olivier	D14	3000m	derde plek
Liané Alexander	D15	Hamergooi	derde plek
		Gewigstoot	sesde plek
Ruoise Möller	D15	Hamergooi	vierde plek
		Gewigstoot	tweede plek
		Spiesgooi	tweede plek
San-Mari Binneman	D16	3000m	eerste plek
		1500m	derde plek
		Aflos	vierde plek
Janeske Ferreira	D16	Hamergooi	vierde plek
		Diskusgooi	vyfde plek
Jana Ross	D16	Gewigstoot	vierde plek
Liané van Biljon	D16	Diskusgooi	sesde plek
		Aflos	vierde plek
Sumandri Jacobs	D16	Aflos	vierde plek
	D17	Aflos	sesde plek
Morgan Ransome	D17	3000m	vierde plek
		Aflos	sesde plek
Daniëlle Myburgh	D17	Aflos	sesde plek
Karlien Lubbe	D17	Aflos	sesde plek
Relebohile Dhlangisa	D19	3000m	eerste plek
		Aflos	sesde plek
Fedile Mlangeni	D19	1500m	vierde plek
		200m	sesde plek
		800m	vyfde plek
		Aflos	sesde plek

Nuusbrief 6 van 2024 vervolg...

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Lewjeleputswa sone-atletiekuitslae (vervolg):

Zanélle Pretorius	D19	800m	sewende plek
Ora Pule	D19	1500m	sesde plek
		3000m	tweede plek
		Aflos	sesde plek
Mmami Xuma	D19	Gewigstoot	derde plek
		Aflos	sesde plek
Seuns: uitslae			
Alfranko Steyn	S14	Diskusgooi	sesde plek
Rynhardt Bossé	S16	Gewigstoot	vyfde plek
Lebohang Mlangeni	S16	400m	tweede plek
		1500m	derde plek
		Aflos	sewende plek (U)
	S19	Aflos	sewende plek (U)
Bokang Letsholo	S16	Aflos	sewende plek (U)
Thabo Sejake	S16	Aflos	sewende plek (U)
Sam Mokhosi	S16	Aflos	sewende plek (U)
Xander van Jaarsveld	S19	Hoogspring	tweede plek
		Verspring	vyfde plek
		Aflos	sewende plek
Jordan Ferreira	S19	Aflos	sewende plek
JC Delport	S19	Aflos	sewende plek

Baie geluk met julle pragtige prestasies!

ONNIES PRESTEER!

Tydens die jaarlikse *Well Done Function* van Lejweleputswa-distrik het 8 van ons personeel toekennings ontvang o.g.v. die matriekuitslae van 2023.

Baie geluk aan mee. Annelie Bester (Wiskundige Geletterdheid), Elsabé Oosthuizen (Rekeningkunde), Esther Myburgh (RTT), Zelmari Coetzee (IGO), Hanlé Visser (Engels), Simoné du Plooy (IGO), Brenda Hoffman (meriete: leierskap) asook mnr. Adriaan van Niekerk (Toerisme).

Ons skool ontvang ook 'n silwer- en diamanttoekenning!

Baie dankie aan ELKE personeellid vir julle toewyding en harde werk! Ons sien dit raak en waardeer dit!

VRYSTAAT INTERHOËR

Die volgende 18 atlete dring deur na Vrystaat Interhoër. In spanverband eindig ons 49ste uit 190 skole en behaal die volgende uitslae:

D14

Nikita Myburgh	3000m	agste plek
Loriaan Olivier	3000m	sesde plek

Kaydee-Lee Maritz, Marie-Louise Fitzgerald, Naledi Matloloane en Zanele Khaba het ook aan die o.14-aflos deelgeneem, maar ongelukkig geen plek behaal nie.

D15

Liané Alexander	Hamergooi	derde plek
Ruoise Möller	Hamergooi	agste plek
	Gewigstoot	agste plek

D16

Jana Ross	Gewigstoot	12de plek
San-Mari Binneman	1500m	13de plek
	3000m	negende plek
Janeske Ferreira	Hamergooi	sesde plek

D17

Morgan Ransome	3000m	10de plek

D19

Relebohile Dhlangisa	5000m	agste plek
Fedile Mlangeni	1500m	12de plek
Ora Pule	5000m	negende plek
Mmami Xuma	Gewigstoot	13de plek

S16

Lebohang Mlangeni	1500m	vyfde plek
	400m	tweede plek

S19

Xander van Jaarsveld	Hoogspring	vyfde plek

Baie geluk ook aan elke atleet wat tydens die atletiekseisoen so goed presteer het! Ons is baie trots op elkeen van julle!

Nuusbrief 6 van 2024
vervolg ...

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

DERBY

Tydens ons jaarlikse DERBY moes ons ongelukkig die knie buig en het 8 – 12 verloor. Die volgende uitslae is behaal:

Krieket: meisies eerstespan	verloor met 1 lopie
Krieket: seuns eerstespan	wen met 10 lopies
Tennis: meisies eerstespan	verloor 12 - 55
Tennis: seuns eerstepsan	verloor 18 - 49
Hokkie: eerstespan	verloor 0 – 3
Netbal: o.14-span	wen 13 – 6
Netbal: o.15-span	wen 13 – 9
Netbal: 2de span	verloor 6 – 11 (wedstryd tel nie)
Rugby: o.15-span	verloor 13 - 17
Rugby: o.16-span	verloor 5 - 25
Rugby: 1ste span	wen 19-14

Baie dankie aan elke ondersteuner wat die dag saam met ons bestee het. Dit was heerlik om soveel ouers by ons sport te sien!

Baie geluk aan elke span - wen of verloor - julle het karakter getoon!

RUGBYTOERE

Die eerste rugbyspan gaan vanaf 26 tot 31 Maart 'n rugbykliniek/toernooi te Sportweni, Port Shepstone bywoon.

Die o.16-rugbyspan gaan die Wessel Maree-toernooi vanaf 20 tot 22 Maart bywoon.

Baie sterkte aan hierdie spanne. Mag julle waardevolle ervaring met die oog op die liga, opdoen.

Baie dankie aan elke ouer en/of borg wat hierdie toere vir hierdie seuns moontlik maak.

Baie dankie ook aan menere Adriaan van Niekerk, Frans Kruger en Hugo Freitas asook mevrou Tracy Ferreira wat hulle tyd opoffer om hierdie spanne te vergesel. Wees veilig en geniet elke oomblik!

KALENDER 2024 beskikbaar op www.hsh.co.za.

POSITIEWE HENNIES

Vyf van ons leerders het hulle gedurende 2023 as positiewe Hennies onderskei en ontvang die +Hennie-toekenning! Hierdie leerders se gedrag word onder andere gekenmerk deur positiwiteit, hulpvaardigheid, integriteit, karakter en eerlikheid. Baie geluk aan die volgende leerders:

Liané Alexander
Mikayla Meyer
Hendrik Myburgh
Jana Ross
Liané van Biljon

Mag julle voorbeeld 'n inspirasie vir julle mede-leerders wees!

#IMAGINE

14 van ons leerders gaan van 21 tot 23 Maart 2024 die #Imagine saamtrek te Nampopark, Bothaville bywoon. Baie dankie aan Zeldene wat hulle vergesel.

Geniet elke oomblik! Mag julle geesvervuld na Hennenman terugkeer!

AVONTUURKLUB

Die avontuurklub onderneem Woensdag, 20 Maart 2024 hulle eerste uitstappie vir die jaar. Hulle gaan "*river rafting*" by Eagle Rafting in Parys doen.

Baie dankie aan juffroue Hanlé Visser en Madeli Volschenk wat hulle op hierdie uitstappie gaan vergesel. Geniet elke oomblik en wees veilig!

EERSTE LIGABEPALINGS – 6 APRIL

Rugby vs Bothaville - weg

Hokkie vs Paul Erasmus (Senekal) en hokkiekliniek – tuis

Netbal – netbalkamp by Serobi Adventures, Parys

Sien ook KALENDER 2024 vir ander ligabepalings.

WEN JOU WETENSKAP & WISKUNDE



Wiskunde En Wetenskap

R220 Per Pakket

R275 Per Pakket

Hulpbronne Gr 10 tot 12

Elke afdeling is kernagtig en hanteerbaar opgesom.
Maklik om te leer, te onthou en weer te gee.
Bevat voorbeeldsomme met stap vir stap verduidelikings.

Pakket sluit in

- Opsommings
- Flitskaarte
- Vraestelle
- Memo's

Aflewering

R120

Adres

Rietfontein
Pretoria

Kontak ons: 0845103373 www.wenwetenskap.co.za hverwey@absamail.co.za